

Bylae B
Belofte vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens

Ek, _____, (naam van kandidaat) onderneem hiermee plegtig:

- (a) om tydens die komende eksamens my bes te doen sodat ek die persoonlike en akademiese doelwitte wat ek vir myself gestel het, kan bereik;
- (b) om op my studies te fokus en al die tyd tot my beskikking te gebruik om die werk wat ek deur die loop van die jaar behandel het, te hersien en al die vaardighede wat ek nodig het om sukses in die eksamens te behaal, te verbeter;
- (c) om my medekandidate te ondersteun terwyl ons in alle erns vir hierdie eksamens voorberei;
- (d) om my nie deur persoonlike of ander omstandighede van stryk te laat bring in my strewe om my NSS-kwalifikasie te verkry nie; en
- (e) om die beginsels van eerlikheid en integriteit in hierdie eksamens te handhaaf deur –
 - (i) aan al die reëls en regulasies wat op die NSS-eksamens van toepassing is, te voldoen;
 - (ii) opsieners se wettig erkende instruksies tydens die afneem van die eksamens uit te voer;
 - (iii) my nie deur enige persoon te laat beïnvloed om gedurende die eksamens op enige manier oneerlik te wees nie;
 - (iv) nie aan enige oneerlike praktyke deel te neem nie, wat insluit, maar nie beperk is nie tot afskryf, besit van ongemagtigde materiaal of elektroniese toestelle (bv. 'n selfoon), aanvaarding van hulp of hulp verleen aan ander kandidate, namens 'n ander kandidaat skryf of enige ander ongeoorloofde optrede;
 - (v) enige inligting ten opsigte van 'n eksamenvraestel of enige vorm van oneerlikheid of wangedrag waarvan ek bewus is by my vakopvoeder of prinsipaal aan te meld.

Ek lê hierdie belofte plegtig af en erken dat hierdie belofte bindend is op my gewete.

Volle naam en van	
Eksamennommer	
Naam van skool/ eksamensentrum	
Handtekening	
Datum	